Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-08-16

Liewe Ouers

KLEIN LOCHIELAND GEMEENSKAPSPROJEK

Klein Lochieland neem saam met die Laerskool hierdie jaar aan ‘n gemeenskapsprojek deel. Daar is besluit om hierdie jaar die **Animal Welfare Society Helderberg** in Gordonsbaai te ondersteun. Gedurende die volgende vier weke gaan ons elke week ‘n ander artikel aanvra. Deur middel van hierdie projek leer ons ook ons leerders van gemeenskapsdiens. Ouers hoef slegs een van die artikels elke week skool toe te stuur of ‘n eenmalige skenking. Elke bietjie help!

Week 2: 19-23 Augustus

- Enige soort blikkies honde- of katkos

Week 3: 26-30 Augustus

- Enige soort honde of kat bederfies, (“treats”) bv. *Beeno*

Week 4: 2-6 September

- Ou komberse, handdoeke, speelgoed, kosbakke

BAIE DANKIE VIR AL DIE SKENKINGS WAT ONS REEDS ONTVANG HET!

EKSTRA KLERE

Onthou asb. om ‘n ekstra stel **WARM** klere vir u kleuter in die tas te pak, vir ingeval u kind baie nat raak by die skool. Hulle moet ook met ‘n warm baadjie skool toe kom, asb!

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir die week is: **KORING en BROOD**
Assessering: **Rymwoorde**
Menstekening
Groepering van 8

Maandag	19 Augustus:	Ons leer van graanprodukte
Dinsdag	20 Augustus:	Versier koringlande
Woensdag	21 Augustus:	Ons proe verskillende brode
Donderdag	22 Augustus:	Maak ‘n voëlverskrikker
Vrydag	23 Augustus:	Versier ‘n gemmerbroodmannetjie

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir die week is: **HIGIëNE en KIEME**
Ons persepsies is: Getal: **7**
Klank: **h-klank**
Kleur: **Pienk**
Vorm: **Ster**

Maandag	19 Augustus:	Ons leer hoe om hande te was
Dinsdag	20 Augustus:	Ons teken ‘n mantekening
Woensdag	21 Augustus:	Ons maak ‘n kiemprentjie
Donderdag	22 Augustus:	Ons assesseer vorms en kleure
Vrydag	23 Augustus:	Bak-en-Brou: ‘n Pleister

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel

Spel is die hoogste vorm van navorsing

-Albert Einstein

‘n Kind wat speel = ‘n kind wat werk. Dit is goed as kinders stampe en stote kry, maar hulle sal dit net oorleef as hulle daaruit leer.